**REEKS:** Kersfees 2019

"En die engel het by haar binnegekom en gesê: "Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue." En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. En die engel sê vir haar: "Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.""
***Lukas 1:28-31 (NAV)***

"Dit is hoe Jesus Christus gebore is: Maria, sy ma, was verloof aan Josef. Nog voor hulle getroud is en hulle intiem verkeer het, het dit geblyk dat sy verwagtend was deur die Heilige Gees. ***Josef, haar verloofde, was in 'n dilemma.***"
***Matteus 1:18-19a (NLV)***

"Aan die een kant was hy 'n wetsgehoorsame man; aan die ander kant wou hy haar die openbare skande spaar. Daarom het hy hom voorgeneem om ***die verlowing privaat te verbreek***."
***Matteus 1:19b (NLV)***

"Maria sê toe: "***Ek is tot beskikking van die Here.*** Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan."
***Lukas 1:38 (NAV)***

**AL VERSTAAN JY DIT NIE NOU NIE, ONTHOU: GOD HET 'N GROTER PLAN**

"Al maak mense hoeveel planne, ***wat die Here besluit, staan vas***."
***Spreuke 19:21 (NAV)***

"We humans keep ***brainstorming options and plans***,
but ***God's purpose prevails***."
***Proverbs 19:21 (MSG)***

"***Met hierdie dinge in gedagte*** het hy aan die slaap geraak. Daarop verskyn 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: "Moenie huiwer om voort te gaan met jou huwelik met

Maria nie. Die Kindjie wat sy dra, is verwek deur die Heilige Gees. Sy sal aan 'n Seun geboorte gee, en jy moet Hom Jesus noem, want ***Hy sal sy volk van hulle sondes red***."" 
***Matteus 1:20-21 (NLV)***